KMDR
Kerklike Maatskaplike Diensteraad

WERKSWINKEL VIR GEMEENTES: VROEË KINDONTWIKKELING (ECD) BEWEGING VIR DIE NG KERK

Die Taakspan Armoede bied 'n **werkswinkel** vir gemeentes aan met praktiese riglyne oor hoe om by **armoede*voorkoming*** betrokke te raak. Na deeglike ondersoek het die span besef een van die mees koste-effektiewe maniere om armoede aan te spreek , is om by Vroeë Kindontwikkeling (ECD programme) betrokke te raak. Alleen deur hoër onderwys- en opleidingsvlakke, wat beter werksgeleenthede en entrepeneurskappe bied, kan die reus beveg word.

Gemeentes kan 'n ongelooflike bydrae lewer, sonder groot uitgawes, om kinders tot 'n hoër skoolgereedheidsvlak te neem. Indien 2000 gemeentes elkeen jaarliks 10 kinders skool toe kan stuur wat skoolgereed is, beteken dit dat daar jaarliks 20 000 meer kinders skool toe sal gaan wat op 'n goeie skoolgereedheidsvlak sal wees. En baie van hulle sal uiteindelik matriek haal! Wat 'n lekker projek vir enige gemeente!!

Om hierdie nuwe beweging in die Familie van NG Kerke te loods, het die Taakspan besluit om **groot Werkswinkels** in verskeie provinsies te hou.
Die afskopgeleentheid is 22 April 2015 in by die NG Gemeente Kempton- Hoogland met Tutela van die Hoëveld Sinode as gasheer.
Hier volg die besonderhede:
Datum: 22 April 2015
Tyd: 09:00 – 15:00 (Registrasie vanaf 08:00)
Koste: R100,00 pp (Sluit middagete en verversings in)
Adres: NG Gemeente Kempton-Hoogland, De Wiekusweg 85, Van Rienbeeckpark, Kempton Park.

Die program sluit verskeie fasette van Vroeë Kindontwikkeling in soos waarom die kerk betrokke moet wees, wat VKO behels en parallelle praktiese sessies, deur ervare persone, oor hoe om betrokke te raak by bestaande of nuwe inisiatiewe. Gemeentes en die lidorganisasies van die KMDR word uitgenooi om te kom deelneem. Ons wil inligting uitruil en by mekaar leer.

Voltooi asseblief die meegaande registrasievorm en stuur "aanlyn" voor 15 April 2015 terug. (Jy kan die vorm op die rekenaar voltooi (al is dit 'n PDF-file) en die submit-knoppie druk wat die vorm na die korrekte adres sal stuur.) Wanneer jy submit druk vra die stelsel jou e-pos adres en naam en daarna kies jy opsie een (desktop e-mail application) indien jy Outlook gebruik of alternatiewelik opsie 2.

Op die registrasievorm is bankbesonderhede vir elektroniese betalings. Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan wanneer die betaling gemaak word (ester@tutela.org.za).

Navrae: Ester Venter- 011 975 8220 (Tutela) of Rinel Hugo - 012 342 0092

In samewerking met

Tutela
OMGEE BRING HOOP CARING BRINGS HOPE